

## Chris Jones\*

In 'n [toespraak](#) by die Demokrasie-forum van Athene in 2017 het die ontslape sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies (VN), Kofi Anan, demokrasie verdedig deur te sê dit is “die politieke stelsel wat die meeste bevorderlik is vir vrede, volhoubare ontwikkeling, die oppergesag van die reg en respek vir menseregte, die drie pilare van enige gesonde en demokratiese samelewing.”

Maar hy het ons ook gewaarsku teen laksheid. Om te verseker dat demokrasie die wêreld se gewildste regeringsvorm bly, het Anan voorgestel dat ons ons daarvoor moet beywer, en dit meer effektief en inklusief moet maak deur ekonomiese en politieke ongelykheid te takel.

Dit is dus gepas dat die VN 15 September as die [Internasionale Dag van Demokrasie](#) aangewys het om “'n geleentheid te bied om die stand van demokrasie in die wêreld te hersien “en om te beklemtoon dat “slegs met die volle deelname van en ondersteuning deur die internasionale gemeenskap, nasionale beheerliggame, burgerlike samelewing en individue, kan die ideaal van demokrasie 'n werklikheid word wat almal, oral kan geniet”.

Hierdie dag word ook gevier om die publiek bewus te maak van die noodsaaklikheid om die beginsels van demokrasie te bevorder en te handhaaf, wat benewens respek vir menseregte, vryheid en vrye en regverdige verkiesings insluit. Hierdie waardes word vervat in die [Universele Verklaring van Menseregte](#) en verder ontwikkel in die [Internasionale Handves van Burgelike- en Politieke Regte](#).

Dit is ook opmerklik dat baie van die teikens van die VN se 16de Volhoubare Ontwikkelingsdoelwit juis daarop gemik is om die beskerming van demokratiese instellings te bewerkstellig deur die oppergesag van die reg op nasionale en internasionale vlak te bevorder en gelyke toegang tot regspleging vir almal te verseker; korrupsie en omkoperij aansienlik te verminder; die ontwikkeling van effektiewe, verantwoordbare en deursigtige instellings; die versekering van responsiewe, inklusiewe, deelnemende en verteenwoordigende besluitneming op alle vlakke; openbare toegang tot inligting te verseker, en die beskerming van fundamentele vryhede, in ooreenstemming met nasionale wetgewing en internasionale ooreenkomste.

Hierdie teikens kan slegs bereik kan word as ons konflik, onsekerheid, swak instellings, beperkte toegang tot die reg en korrupsie kan beëindig, wat steeds 'n groot bedreiging vir volhoubare ontwikkeling en demokrasie is. Onder die instellings wat die meeste deur korrupsie geraak word, is die regbank en die polisie. Na raming verloor ontwikkelende lande ongeveer 1,26 miljard dollar per jaar weens korrupsie, omkoperij, diefstal en belastingontduiking. Hierdie bedrag geld kan gebruik word om diegene wat in uiterste armoede (op minder as \$1,25 per dag) leef vir ten minste ses jaar te onderhou. In Suid-Afrika het ons gesien hoe korrupsie 'n “bedreiging vir ons regte ... [en] vir die demokratiese projek geword het”, soos advokaat Tembeka Ngcukaitobi onlangs [opgemerk](#) het.

As ons ernstig is oor demokrasie, moet ons ook die regte van kwesbare mense op die voorgrond plaas, aangesien hulle dikwels nie vir hulself kan sorg nie. Ongelukkig is daar baie gevalle waar dit nie gebeur nie.

So het byvoorbeeld in 2018 die aantal mense wat van oorlog, vervolging en konflik gevlug het, 70 miljoen oorskry, die hoogste vlak wat die VN-vlugtelingsagentskap (UNHCR) in byna 70 jaar aangeteken het. In 2019 het die VN 357 moorde en 30 gedwonge verdwynings van verdedigers van menseregte, joernaliste en vakbondlede in 47 lande [aangeteken](#).

Wat ook skokkend is, is die geweld teen vroue en kinders. Nege-en-veertig lande het nie wette wat vroue teen huishoudelike geweld beskerm nie. In ons eie land gaan daar skaars 'n dag verby sonder nog 'n voorval van geweld teen vroue.

Meer as een biljoen kinders regoor die wêreld is slagoffers van geweld. Dit kos samelewings tot \$7 triljoen per jaar. Elke sewe minute word 'n kind êrens in die wêreld op gewelddadige wyse vermoor. Nege uit tien kinders woon in lande waar lyfstraf nie ten volle verbied word nie, wat [732 miljoen kinders](#) sonder wettige beskerming laat. Baie kinders is ook slagoffers van seksuele misbruik en kuberafknouery.

Hierdie is maar enkele van die statistieke wat wys dat ons nie kan slaplê in ons pogings om demokrasie te verdedig en te bevorder nie, en ook te bepleit in dele van die wêreld waar dit steeds weerstaan word nie. Mense en organisasies wat aan die voorpunt van sulke pogings staan, moet geprys word.

Volgens die internasionale dinkskrum [Millennium Project](#), word “self-georganiseerde menseregtebewegings vir volhoubare globale demokratiese stelsels regoor die wêreld gevorm”. Ongelukkig gebruik antidemokratiese magte toenemend nuwe kuberinstrumente om demokratiese prosesse te manipuleer. Die langtermyn groei van demokratisering het die afgelope dekade tot stilstand gekom”, soos [Freedom House](#) opgemerk het.

Daar word berig dat 105 lande 'n netto afname in vryheid ervaar, terwyl 61 hul nettovryheid verbeter en ... politieke regte en burgerlike vryhede in 67 lande afgeneem het, terwyl 36 lande winste geregistreer het. Van die 195 lande wat beoordeel is, was 87 vry, 59 gedeeltelik vry en 49 (36% van die wêreldbevolking) nie vry nie.”

Ons is gelukkig om in 'n vrye en demokratiese land te woon. Aangesien dit baie stryd en opoffering gekos het om dit te bereik, moet ons ons demokrasie nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons moet diegene wat ons demokrasie probeer ondermyn, aanspreeklik hou omdat ons op 'n weg na anargie sal wees as ons versuim om dit te doen.

**\*Dr Chris Jones staan aan die hoof van die eenheid vir morele leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**